

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 34: *B'midbar* – In Die Wildernis

יהוה het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Egipte uitgetrek het en gesê: Num. 1:1 – PWL¹

Torah: Num. 1:1 tot 4:20.

Haftorah: Hoshea 1:10 tot 2:22

Nuwe Verbond: Luk. 22:30; 1 Pet. 2:9; Open. 4:1 tot 11; Open. 7:1 tot 8; Open. 21:12; Luk. 22:26; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashot 34 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

The best way in the world to deceive believers is to cloak a message in religious language and declare that it conveys some new insight from God – Charles Stanley

Many deceptions only appeal to us because there is something inside us that "wants" to believe them. They are seductive because of darkness and wrong motives in our own lives. We must search our hearts and root these out – Andrew Strom

"As Christ has a Gospel, Satan has a gospel too; the latter being a clever counterfeit of the former. So closely does the gospel of Satan resemble that which it parades, multitudes of the unsaved are deceived by it." – A.W. Pink.

A great man once said, "That which we tolerate today we will embrace tomorrow". G. K. Chesterton once said, "Tolerance is the virtue of the man without convictions." I would add

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

that tolerance and compromise is the creed of a coward. There seems to be very little most will not endure (tolerate and compromise with) to preserve their pay check or keep "peace" in their lives – Butch Paugh

Torah Bespreking

Hersiening

Vayikra beteken: *Hy het geroep!* In ons studie van hierdie derde boek van Moses het ons geleer dat יהוה vir Yisra'el geroep het tot 'n afgesonderde lewe van Torahgehoorsaamheid. Wedergeboorte is dan ook die dag toe יהוה ons geroep het tot afgesonderdheid en gehoorsaamheid aan Sy Torah van die nuwe verbond. Deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een het ons op God se roepstem geantwoord om terug te keer na die hart van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob voordat die groot en vreeslike dag van יהוה aanbreek (Mal. 4:5-6).

Nou aan die begin van ons studie van Numeri, wat *geteldes* of *getalle* beteken, word ons daaraan herinner dat ons as die geteldes van יהוה gereken word.

Die Hebreuse naam van hierdie vierde boek van Moses is egter *B'midbar* wat *in die wildernis (woestyn)* beteken en wat die geskiedenis van Yisra'el is wat vir bykans 38 jaar in die wildernis geswerf het.

Daarom kan Num. 9:17 as een van die sleutelverse van hierdie boek beskou word:

Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan.

B'midbar is die geskiedenis van hoe Yisra'el vanaf die voet van die berg Sinai getrek het tot by Kades op die grens van die Beloofde Land, Kanaän. Dit is die geskiedenis van Yisra'el vanaf die eerste dag van die tweede maand van die tweede jaar nadat hulle uit Egipte vertrek het (Num. 1:1) tot en met die 11 maand van die veertigste jaar (Deut. 1:3). Yisra'el se swerftog in die wildernis het begin op die twinstigste dag van die tweede maand van die tweede jaar (Num. 10:11).

Dit wat veronderstel was om 'n reis van slegs enkele weke te wees het toe bykans 38 jaar geduur weens Yisra'el se wantroue in die beloftes van יהוה toe hulle geluister het na die negatiewe gerugte van 10 van die 12 verkenners en nie bereid was om יהוה te volg nie (Num. 32:11 en 12)!

As gunsgenote van יהוה deur die onverdiende guns in Yeshua, word ons ook geroep om deur die wildernis van hierdie lewe te trek en die Koninkryk van God in besit te neem!

Yisra'el se wildernistog bevat lewenslesse wat ons moet leer en toepas tydens ons eie wildernistog in hierdie wêreld.

Die Wildernistog – 'n Noodsaaklike ondervinding!

Ons Torahskriflesing begin met die woorde: יהוה *het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai...* (Num 1:1).

'n Wildernis (woestyn) kan ook gesien word as 'n toevlugsoord en 'n plek van voorsiening en openbaring. Dit is wat die wildernis van Sinai aanvanklik vir Yisra'el beteken het. יהוה het

hulle uit Egipte bevry en hulle in die wildernis ‘laat skuil’ waar Hy vir hulle gesorg het en Homself aan hulle openbaar het. Aanvanklik het Yisra’el dit as ‘n ‘wittebrood’ ervaar, maar hulle het later gerebelleer!

Die bedoeling was om Yisra’el eers in die wildernis af te sonder en dat יהוה Homself aan hulle kan openbaar en leer hoe om in die Beloofde Land as bevrydes volgens Torah te lewe. Die wildernis is die plek waar Yisra’el moes leer om יהוה te vertrou en leer om gehoorsaam te wees. Dit herinner ons aan die woorde van Yirmeyahu

2 “Gaan en verkondig in die ore van die mense van Yerushalayim en sê: ‘So sê יהוה: “Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van jou uithou, hoe jy in die woestyn, deur ’n onbesaaide land, agter My aan geloop het.

3 Yisra’el is die eersteling van Sy oes, afgesonder vir יהוה. Almal wat daarvan vernietig, sal veroordeel word; boosheid sal oor hulle kom,” verklaar יהוה.” Jer. 2:2-3.

Omdat die Wildernis juis so ‘n sterk kontras vorm met die idilliese Tuin van Eden, word dit die Plek van Openbaringe. Die verlatenheid en leegheid reflekteer die effek van sonde op ons siele – ‘n geestelike droogheid en verlatenheid met geen vrug nie. ‘n Wildernis-ervaring wek dikwels ‘n honger na die Woord van יהוה, en daarom word dit dikwels die plek waar geestelike ore geopen word.

In Amos 8:11-12 lees ons dat die profeet sê:

11 Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה-God, “wanneer Ek ’n hongersnood oor die land sal stuur, nie ’n honger na brood of ’n dors na water nie, maar eerder om die boodskap van יהוה te hoor en te doen.

12 Mense sal steier van see tot see en van die noorde na die ooste; hulle sal heen en weer gaan om die boodskap van יהוה te soek, maar hulle sal dit nie vind nie.

Amos profeteer dat daar ‘n tyd gaan kom wat daar ‘n honger gaan kom om die boodskap (die woord) van יהוה te hoor en dit wat hulle hoor te doen. Die mense sal orals na die Woord van יהוה soek, maar hulle sal dit nie vind nie. Beteken dit dat die Woord van יהוה, soos voedsel tydens ‘n lang en ernstige droogte, nie meer beskikbaar gaan wees nie? Gaan daar ‘n tyd kom wat die Woord van die Almagtige nie meer gevind sal word nie? Nee, hierdie hongersnood waarna Amos verwys is nie weens ‘n tekort aan God se Woord nie, maar omrede mense nie die Woord hoor om dit dan nougeset te doen nie!!

יהוה se Woord was van die begin af daar en sal vir ewig daar wees en is onveranderbaar. Dit is meer toeganklik en vrylik beskikbaar as ooit voorheen.

En tog, te midde van die oorfloed van יהוה se Woord, is daar talle wat rond skarrel op soek na die Woord en dit nie vind nie. Hoe is dit dan moontlik? Die rede is dat die Woord van יהוה nie die woorde is wat deur talle geestelike leiers aan hulle volgelingen (lidmate) oorgedra word nie. Daar is wel ‘n honger om die Woord te hoor, maar die “heilsame” Woord van יהוה word egter verwerk tot ‘n “produkt” waarvan die geestelike “voedingswaarde” tot geestelike ondervoeding en geestelike wanvoeding lei en wat uiteindelik fisiese gebrek en geestelike dood veroorsaak!!

Dit kan vergelyk word met die manna wat in die woestyn beskikbaar was, maar Yisra’el het ander voedsel gesoek. Hulle was nie tevrede met dit wat יהוה voorsien het nie. Yisra’el wou nie die Woord van יהוה aangaande die manna hoor nie en het gemurmureer, want hulle het verlang na die vleispotte van Egipte (Ex. 16:2 en 3; Num. 11:4, 13, 18 en 33).

Die manna wat uit die hemel neergedaal het, is die ware voedsel en nie die vleis van Egipte nie (Joh. 6:48-51). Manna is 'n sinnebeeld van versadiging en voedsaamheid (heilsaamheid), en die vleis 'n sinnebeeld van wanvoeding (ondervoeding) en hongersnood.

Talle kerke (denominasies) het die Manna uit die hemel met die vleis van Egipte vermeng. Hierdie vermenging (sinkretisme) word aangebied as die ware geestelike voedsel, maar talle goedbedoelende gelowiges loop gevaar om moontlik te sterf met die vleis nog tussen hulle tande (Num. 11:33).

Dan is daar ook die gelowiges wat egter nie die Woord van יהוה wil hoor nie, maar eerder die woorde wat inpas by hulle lewenstyl en vleeslike begeertes. Daarom word daar graag na boodskappe van Christenselfisme en Christenmaterialisme geluister, terwyl gehoorsaamheid, tugtiging, verootmoediging, ware berou en bekering nie op die geestelike spyskaart toegelaat word nie. Hulle hoor die woorde van mense en tree nougeset daarvolgens op. Hulle versadig hulleself op tradisie en mensgemaakte leerstellings en wil net die dinge hoor wat hulle gehoor sal streef. Paulus bevestig hierdie toestand in die kerk in sy brief aan Timotheus (2 Tim. 4:3-4):

3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef
4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.

Hongersnood beteken om uiteindelik te sterwe weens 'n gebrek aan voedsel. Volgens die profet Amos sal daar dus 'n tyd kom wat mense geestelik sal sterf omrede hulle nie die Woord van יהוה hoor en geleer word om dit nougeset te doen nie.

Talle gelowiges wat hulle in die wildernis bevind, het egter 'n geestelike honger! Hierdie hongersnood is die rede vir die geskarrel van kerk tot kerk en byeenkoms tot byeenkoms waar bonatuurlike manifestasies plaasvind en wat gelei word deur charismatiese predikers. יהוה se Woord word gesoek by byeenkomste waar bekende kunstenaars optree en in kerke waar tegnologiese ingespan word om die regte atmosfeer te skep. 'n Menigte van kursusse word aangebied met die belofte om יהוה se Woord te hoor. Maar die profet Mikhah (Miga) som dit soos volg op:

Wee my, want ek is soos die vrugteplukkers, soos die wat druiwe oes. Daar is nie 'n tros druiwe om te eet of 'n vroeë vy wat ek begeer nie. Miga 7:1.

Die woorde van Hoshea kan ook hier bygevoeg word toe hy geprofeteer het dat יהוה se volk ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis en weens die verwerping van die Torah (die wet)(Hos. 4:6). Yesha'yahu profeteer ook die volgende:

Daarom gaan My volk in ballingskap weens hulle gebrek aan kennis, hulle eerbares ly honger en hulle menigte droog uit van die dors. Jes.5:13.

Maar elkeen wat hulself in die wildernis bevind en wat die Woord van יהוה hoor om dit te doen, sal deel hê aan die huishouding van God en Sy beskerming en versorging daagliks ervaar! Vader-God sal in elkeen se behoeftes voorsien gedurende die wildernistog in hierdie wêreld – elkeen wat deur vertrouwe aan Sy Torah gehoorsaam is!

Yeshua sê vir hulle: “אנא אנא - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Brood van Lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger wees nie en wie in My vertrou, sal nooit dors wees nie, tot in ewigheid. Joh. 6:35.

Yeshua is die Woord van יהוה (Joh. 1:1) en hierdie Woord was van die begin af daar en het nog nooit verander nie. Dit is die ware Lewendgewende Brood wat elkeen voed wat die

Torah van יהוה hoor en wat dan presies gaan doen volgens dit wat gehoor is. Welgeluksalig is die mens wat sy vreugde in die Torah (die wet) van יהוה vind (Ps. 1:2), want hy sal aansit by die tafel wat Vader self voorberei en sal gesalf word terwyl sy beker van voorsiening oorloop (Ps. 23:5). Hy sal nooit honger of dors ervaar nie en hy sal voorspoedig wees in alles wat hy doen, want hy het die Woord gehoor en leef in alle opsigte daarvolgens.

Mag ons elkeen versadig word omdat ons die Woord (die Torah) van יהוה, wat Sy liefdevolle onderrig en instruksies aan Sy kinders is, hoor en dit nougest toepas asof ons lewe daarvan afhang. Laat die woorde van God ons gemoed vernuwe sodat ons in denke, woorde en dade verander word om soos Yeshua in gehoorsaamheid te lewe (Rom. 12:1-2).

יהוה wil hê dat ons ons wildernis-ervaring moet onthou en daarom het Hy *Sukkot* (die fees van tabernakels) ingestel. Hierdie fees word gehou na die laaste insameling van die oes wanneer die landbouer so maklik kon dink: *my krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe* (Deut. 8:17). Daarom is Deuteronomium hoofstuk 8 ‘n herinnering aan יהוה se onverdiende guns en weldade. Dit is Hy wat ons die krag gee om rykdom te verwerwe (Deut. 8:17). Ons moet nooit vergeet dat יהוה die een is wat ons uit ons ‘Egipte’ van sonde bevry het en ons na die wildernis geneem het om ons daar by Hom te laat skuil terwyl Hy ons versorg en onderrig.

Bepeins of Bespreek

1. Ons almal het persoonlik ondervinding van ‘n wildernis-ervaring. Was dit noorwendig ‘n negatief of was dit die plek waar Vader-God jou beskerm het, vir jou gesorg het en Homself aan jou openbaar het? Hoeveel het jou wildernis-ervaring bygedra om jou by die geestelike vlak te bring waar jy huidig is?
2. Hoe kon Yisra’el wat eerstehands die almag en liefde van יהוה ervaar het steeds murmureer en ongehoorsaam gewees het? Is dit nie omrede Torah op kliptafels geskryf was en nog nie op die tafels van hulle harte nie?? Vergelyk *Shavuot* by Sinai met *Shavuot* in Jerusalem. Het ons nie almal God se liefde, almag, beskerming, voorsiening, ens. al ervaar nie? En tog kan ons so maklik murmureer en selfs rebelleer!!

Die Banier van Yeshua

Daar waar Yisra’el kamp opgeslaan het, was die tabernakel altyd in die middel met die twaalf stamme van Yisra’el in ‘n bepaalde volgorde rondom die tabernakel. יהוה het dus letterlik in die midde van sy volk gewoon.

¹ יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê:

² “Die seuns van Yisra’el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op ‘n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan. Num. 2:1-2.

Net so het Yeshua gekom en in die midde van Yisra’el kom woon – kom tabernakel (Joh. 1:14).

Volgens Levitikus hoofstukke 1 tot 4 is dit duidelik dat יהוה ‘n God van orde is. Hy het die hemel en die aarde geskape uit dit wat woens, leeg en donker was (Gen. 1:2). Hy het die natuurwette en die geestelike wette daar gestel om orde te handhaaf. Daarom sien ons יהוה se organisasie struktuur vir Sy volk in plek kom.

Elke Yisra'eliet moes sy tentwoning oprig by die bepaalde banier en familie embleem waarvan hy lid was. Elke van die vergadering (gemeente) van Yisra'el het dus geweet waar sy plek is en wat sy verantwoordelikheid is.

Wanneer Yisra'el van ouds opgetrek het om te gaan veg, of op hulle trek na die beloofde land, het elke stam onder sy eie banier getrek. Die banier is die teken van sy outoriteit en aan wie hy behoort. Dit is ook die samebindende faktor wat sê: 'Ek behoort by....' en dit het eenheid en 'n samehorigheidsgevoel gebring.

Die stam van Y'hudah, Issaskar en Sebulon was aan die Oostekant direk voor die ingang van die tabernakel. Y'hudah se familieteken was 'n goue leeu op 'n rooi agtergrond. Yeshua het gekom uit die stam van Y'hudah en is ondermeer bekend as die Leeu van Y'hudah (Open. 5:5). Hierdie is dus 'n heenwysing na Yeshua, Die Gesalfde Een, as die Koning van alle konings. Die feit dat Y'hudah ook voor die ingang na die tabernakel gekampeer het, verwys ook na Yeshua as die deur (die weg) na die waarheid wat lewe gee (Joh. 10:9 en 14:6).

Aan die suidekant van die tabernakel het die stamme van Ruben, Simeon en Gad gekamp en aan die westekant het die stamme van Efrayim, Manasse en Benjamin gekampeer. Die stamme van Dan, Aser en Naftali het aan die Noordekant van die tabernakel gekampeer.

Moses, Aharon en die priesters se tente was ook aan die Oostekant van die tabernakel, terwyl die drie families van die Leviëte aan die oorblywende drie kante van die tabernakel hulle tente opgeslaan het. Dit was die drie seuns van Levi en hulle nageslag: Gerson aan die westekant, Kehat aan die suidekant en Merari aan die noordekant (Numeri 3).

Dit is steeds vandag יהוה se begeerte om in die midde van Sy kinders en die gemeente (vergadering) te wees. יהוה was die Argitek en Bouer van die Tabernakel en kampuitleg. Net so moet Yeshua steeds vandag die Argitek en Bouer van die gemeente wees. As יהוה (Yeshua) die huis nie bou nie, tervergeefs werk die bouer wat daaraan bou (Ps. 127:1). Indien dit nie van יהוה afkomstig is nie, sal dit tot niet gaan. Hy wil die middelpunt wees van elke mens se lewe, asook van die gemeentelêwe terwyl Yeshua steeds onder ons tabernakel (woon). Dit is elkeen se keuse of יהוה toegelaat sal word om deur vertrouwe in Yeshua die middelpunt van ons daaglikse lewe te wees.

Die feit dat elke stam sy eie vaandel (identiteit) gehad het, is ook 'n herinnering dat ons nie eenders is nie, maar wel een (eensgesind) in Yeshua is. Yisra'el het as 'n geordende eenheid van plek tot plek getrek, maar het altyd laer opgeslaan volgens hulle vandels (Num. 2:34).

51 Wanneer die tabernakel wegtrek, moet die Leviëte dit afbreek en as die tabernakel rus, moet die Leviëte dit oprig en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word.

52 Die seuns van Yisra'el moet hulle tente opslaan, elkeen in sy eie kamp en elkeen by sy banier, volgens hulle leërafdelings,

53 maar die Leviëte moet kamp opslaan rondom die tabernakel van die Getuënis sodat daar geen toorn oor die vergadering van die seuns van Yisra'el kom nie en die Leviëte moet in beheer wees van die tabernakel van die Getuënis.”

54 Die seuns van Yisra'el het dit so gedoen; net soos יהוה Moshe beveel het, so het hulle gedoen. Num. 1:51-54.

Open. 21:9-27 maak dit baie duidelik dat die ware Yisra'el steeds in twaalf stamme verdeel sal wees, want die nuwe Jerusalem sal twaalf poorte hê:

12 Dit het ook 'n groot, hoë muur met twaalf poorte gehad en by die poorte twaalf boodskappers en hulle name is geskryf, die name van die twaalf stamme van Yisra'el.

13 Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte en aan die westekant drie poorte

14 en die muur van die stad het twaalf fundamente gehad en daarop was die name van die twaalf afgevaardigdes van die Seun. Open. 21:12-14.

Maar die banner wat oor al twaalf stamme en oor al twaalf afgevaardigdes (apostels) sal wapper is die banner van Yeshua Die Gesalfde van God!

Soos Moses kan ons ook uitroep: “יהוה-Nissi (יהוה-my-Banier)” (Ex. 17:15)!. Dit is onder die outoriteit van יהוה wat Moses die volk in die wildernis gelei het. In Yeshua is יהוה ons banier en kan ons met dieselfde outoriteit ons bediening, naamlik dit wat Sy opdrag in ons elkeen se lewe is, uitleef.

Vir die wat vervolg word is daar 'n bymekaarkomplek by Hom, by die Waarheid, waarheen ons met vrymoedigheid kan gaan.

U het 'n banier gegee vir die wat U vrees, om te vlug na waarheid. Ps. 60:6 – AOV 1953.

In Hooglied 2:4 lees ons:

Hy het my na die wynhuis gebring en sy banier oor my is die liefde.

Wanneer ons in liefde en gehoorsaamheid die Torah van Die Gesalfde Een gehoorsaam, dan is ons onder Sy banier van liefde saamgebind. Dit is die samebindende faktor vir Sy kinders.

Yeshua sal die Banier (Sy Naam, Karakter en Outoriteit) ophef vir die nasies aan die einde van dae en hulle saamnooi om te deel in Sy eenheid.

Hy sal 'n banier ophig vir die nasies van ver en vir hulle fluit vanaf die einde van die aarde en let op, hulle sal gou, met spoed, kom. Jes 5:26.

Dan, in daardie dag, sal die nasies hulle toevlug neem na die Wortel van Yishai, wat sal staan as 'n Banier vir die volke en Sy rusplek sal wonderlik wees. Jes.11:10.

Lig 'n banier op die kaal berg op; roep hulle hardop toe, waai met die hand sodat hulle die deure van die edeles kan binnegaan. Jes.13:2.

So sê יהוה-God: Let op, Ek sal My hand ophig na die nasies en My banier oprig na die volke en hulle sal julle seuns in die arms bring en jou dogters sal op die skouer gedra word. Jes. 49:22.

Die banier van Yeshua wapper oor die Malki-Tzedek priesterorde en nie oor die orde van die Leviete nie!

In Hebreeus word die naam Levi (לוי) *lamed, vav, yod* gespel en is afgelei van die werkwoord *lavah* wat *lamed, vav, heh* gespel word en wat *aanmekaar bind; saamvoeg* en *verenig* beteken, met ander woorde om dit wat geskei is weer saam te voeg of bymekaar te bring. Ons sien hierdie betekenis toe Lea geboorte geskenk het aan haar derde seun:

Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan 'n seun en gesê: “Nou hierdie keer sal my man met my verenig wees omdat ek vir hom geboorte gegee het aan drie seuns.” Hy is daarom Levi genoem. Gen. 29:34.

Die profetiese betekenis hiervan is dat die stam van Levi vir Yisra'el by wyse van die Torah van Moses (die boek van die wet) weer met יהוה verenig het na die verbreking van die verbond (boek van die verbond) met die aanbidding van die goue kalf. Die Torah van Moses het gedien as die tugmeester (gids) tot Yeshua se koms (Gal. 3:24 en 25). Maar met die nuwe verbond was die skuld betaal toe Yeshua aan die folterpaal in die plek van Yisra'el vir die verbreking van die verbond gesterf het. Die verbondsverhouding soos יהוה dit beplan het, is dus herstel. Die rol van die Levitiese priesterorde was dus afgehandel en יהוה het die Malki-Tzedek priesterorde heringestel.

In Yeshua is ons nou met יהוה verenig en is die priesterorde teruggegee aan die eersgeborenes, naamlik aan elkeen wat weergebore is! Yeshua is nou ons ewige Hoofpriester en ons is die priesters volgens die orde van Malki-Tzedek!

Bepeins of Bespreek

1. Is die feit dat die twaalf stamme elk sy eie vaandel gehad 'n aanmoediging (goedkeuring) van יהוה om ons eie kulturele identiteit te behou? Dink aan die veelkleurige kleed van Josef (Gen. 37:3). Is daar nie ook 'n gevaar daarin om alles te wil ver-Hebreeus nie? Ons is een in Yeshua, maar nie eenders nie!
2. Is die twaalf stamme met hulle eie vandels nie ook 'n heenwysing na die liggaam van Yeshua in die nuwe verbond nie? Verwys 1 Kor. 12:12 tot 31 – die liggaam is een, maar het verskillende lede. Onthou: *We play as individuals, but we win or loose as a team.*

Haftorah Bespreking

Hoshea 1:10 tot 2:22 – Nie meer volk nie, maar kind!

Hoshea wat se naam *Verlossing of Redding* beteken, het in die agste eeu voor Die Gesalfde Een gelewe. Hy was 'n profeet van die Noordelike Koninkryk, naamlik van die huis van Efrayim wat hulle gewaarsku het dat hulle weens rebellie en afgodery deur יהוה gestraf gaan word.

Hoshea was een van die profete van ouds wie se persoonlike lewe, in opdrag van יהוה, 'n profetiese sinnebeeld moes wees van die afvalligheid van Yisra'el en die gevolge daarvan. Daarom moes Hoshea, in opdrag van יהוה, met 'n hoervrou trou (Hos. 1:2-3).

² Die eerste keer dat יהוה deur Hoshea gepraat het, het יהוה vir Hoshea gesê: “Gaan, vat vir jouself 'n vrou vanuit hoerery en kry kinders vanuit hoerery, want die land het blatante hoerery gepleeg, deur יהוה in die steek te laat.”

³ Hy het gegaan en Gomer, die dogter van Divlayim, gevat en sy het swanger geword en vir hom geboorte gegee aan 'n seun.

Hoshea se persoonlike lewe was daarom 'n sinnebeeld van:

- Die Huis van Efrayim se rebellie teen יהוה deurdat hulle agter ander gode aangeloo het en word vergelyk met die van 'n ontroue eggenote wat hoereer.
- Die liefde en getrouheid van יהוה te midde van Efrayim se geestelike hoerery. Soos Hoshea sy ontroue vrou, Gomer, vrygekoop het van haar slawerny van owerspel, so sal יהוה vir Efrayim vrykoop van geestelike slawerny en owerspel.

Die derde kind van Gomer, 'n seun, is in opdrag van יהוה, Lo-Ammi genoem, want het God gesê: *julle is nie My volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie* (Hos. 1:9). Die rede hiervoor was die Noordelike Koninkryk se afvalligheid. Maar dan begin ons Haftorah Skriflesing met hierdie woorde:

Nogtans sal die getal van die seuns van Yisra'el soos die sand van die see wees, wat nie gemeet en nie getel kan word nie en in die plek waar vir hulle gesê word: "Julle is nie My volk nie," sal dit vir hulle gesê word: "Seuns van die lewende God." Hos. 1:10.

Hos. 1:9-10 is 'n bevestiging van יהוה se onbeskryflike liefde vir Yisra'el. Selfs in tye wanneer יהוה Sy volk verwerp, verander Sy ware liefde vir Sy volk nie! Hierdie liefde is uit menslike oogpunt onbegryplik! Dit kan die beste verstaan word in die lig daarvan dat יהוה nie net liefde het nie, nee, HY IS LIEFDE!! God bly getrou aan Sy verbond al is die Huis van Y'hudah en die Huis Efrayim ontrou. יהוה se strafgerigte teen Yisra'el geskied nie uit haat nie, maar uit liefde wat straf noodsaak wanneer die oproep tot bekering verontagsaam word.

Ek sal haar straf vir die dae van die Ba'als, toe sy offers aan hulle geoffer het en haar met haar ooringe en juweliersware versier en agter haar minnaars aangeloop het sodat sy My vergeet het," verklaar יהוה. Hos. 2:13.

יהוה se liefde word verder openbaar deur die profetiese woorde van Hoshea:

14 "Let daarom op, Ek sal haar lok, haar in die woestyn inbring en sagkens met haar praat,

15 dan sal Ek haar wingerde daarvandaan gee en die vallei van Akhor as 'n deur van versekerde verwagting en sy sal daar sing soos in die dae van haar jeug, soos op die dag toe sy uit die land van Mitzrayim opgekom het.

16 In daardie dag sal dit wees," verklaar יהוה, "dat jy My, Ishi (my Man), sal noem, en My nie langer Ba'ali, (my Meester), noem nie,

17 want Ek sal die name van die Ba'als uit haar mond verwyder sodat hulle nie meer by hul naam genoem sal word nie. Hos. 2:14-17.

Ons Haftorah bevat nie net die geskiedkundige gebeure van hoe Efrayim afvallig geword het en uiteindelik teruggekeer tot Torah-gehoorsaamheid nie! Nee, dit is ook profeties van wat huidig gebeur, naamlik die terugkeer van die 'verlore ('versteekte') stamme' van die Huis van Efrayim wat terugkeer tot vertrouwe in Yeshua en 'n geloofslewe van gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervul is en in die nuwe verbond opgeteken is.

19 Ek sal jou vir ewig aan My verloof; ja, Ek sal jou aan My verloof in onpartydige opregtheid en in regverdige oordeel, in liefdevolle goedheid en in omgee

20 en Ek sal jou aan My verloof in vertrouenswaardigheid; dan sal jy יהוה ken. Hos. 2:19-20.

Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in Rom. 9:22-26:

22 As God Sy woede wou wys en Sy mag bekend maak, het Hy baie geduld getoon in woede teen houters van woede wat volmaak gemaak is vir die vernietiging

23 en Sy liefde loop oor op die voorwerpe van omgee wat voorberei is vir Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid,

24 vir ons wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies.

25 Net soos dit ook in Hoshea sê: "Ek sal die wat nie My volk was nie: 'My volk' noem en vir wie nie liefde gegee is nie: 'jy wat Ek lief het'

26 en in die plek waar hulle nie 'My volk' genoem is nie, daar sal hulle genoem word 'kinders van die lewende God'."

Ons as die wilde olyftak wat ingeplant is op die mak olyfboom (Rom. 11:17-24) word ook genoem *kinders van die lewende God!* Maar om ingeplant te kan word, vereis vertroue in Yeshua as Die Gesalfde Een en gehoorsaamheid aan Vader se Torah soos dit in Yeshua vervul is!

Bepeins of Bespreek

1. Wat was die hoofsaak van die profete in die ou verbond en hoe vergelyk dit met hedendaagse profete? Onthou: Die profetiese boodskap van die profete wat יהוה gestuur het, het die volgende bevat:

- ‘n Oproep tot bekering, naamlik vergifnis vra vir oortreding van Torah en ‘n oproep tot Torah-gehoorsaamheid.
- ‘n Waarsegging van die onmiddellike gevolge indien daar nie aan die oproep gehoor gegee word nie.
- ‘n Waarsegging van die langtermyn gevolge van hardnekkige ongehoorsaamheid.

Is dit die rol wat hedendaagse profete steeds vervul of het hulle die “strelers van gehoor” geword?

2. יהוה's Word demands that humans conform their lives and thoughts to his Word, not conform his Word to their lifestyles and thoughts. To do so is to succumb to the lies of the devil, which is the spirit of humanism. Satan and his philosophies combine to become the arch foe of יהוה's truth, plans and purposes. This same spirit originated at the Tree of Knowledge in the Garden of Eden when the serpent twisted the Word of Elohim and tricked man into believing the lie! (Nathan Lawrence, parashah Bemidbar – www.HoshanaRabbah.org)

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.